

Sondag, 14 Maart 2021
Fokusteks: Efesiërs 2:1-10

Ek het jare gelede 'n program op televisie gevolg - *Extreme Makeover - Home Edition*. 'n Span kundiges gebruik hul kreatiwiteit en vernuf om ou, soms bouvallige huise te omskep dat dit soos splinternuwe wonings lyk. Die verhaal agter die huis was ook baie interessant. Dikwels was dit 'n gesin wie se lewe en omstandighede van so 'n aard was dat dit nie meer moontlik was om 'n sinvolle bestaan in die ou struktuur te maak nie. Aan die einde van die program wys hulle dan hoe die ou huis gelyk het, en hoe dit lyk nadat die span daarmee klaar was. Soos in "before" en "after." Mens staan verstom oor die eindresultaat. Ek het dit veral geniet om die eienaars se reaksie te sien wanneer hulle vir die eerste keer sien hoe die voltooide huis lyk. Gewoonlik was dit trane van vreugde en 'n diepe dankbaarheid teenoor die span mense wat hulle gehelp het.

In Efes.2:1-10 kry ons iets soortgelyk. Hier kry ons ook te doen met 'n "before" en "after." In hierdie teksgedeelte herinner Paulus die gelowiges daaraan hoe hulle lewe gelyk het vóórdat hulle Jesus as Verlosser en Here bely het, en hoe hulle lewe nou is as kinders van die Here. Hier word twee soorte lewenswyses beskryf, een van die ou mens, en een van die nuwe mens wat leef onder God se genade. Die twee lewenswyses wat beskryf word kan kwalik verder van mekaar verwyderd wees. Ongehoorsaamheid en ongeloof in God word met die dood vergelyk. Geloof in Christus word as 'n nuwe lewe beskryf. Dood en lewe het niks in gemeen nie. Daar is geen ontmoeting tussen die twee nie.

Paulus wys die gelowiges van waar hulle gekom het. Hulle moet weet waar hulle *was* en hoe hulle *toe* gelewe het. Dit sal hulle help om beter te verstaan waar hulle *nou* is, hoe hulle hier gekom het en wat dit vir hulle daaglikse lewe inhou. Hy begin deur na hul vroeëre lewenswyse as "dood" te verwys. Dit is 'n baie sterk en kras beeld wat gebruik word. 'n Dooie liggaam is afgesny van die lewe. Dit kan nie sien nie, kan nie hoor nie, kan nie ruik of proe nie. Dit kan nie meer beweeg nie. Met ander woorde, daar kan geen reaksie meer wees nie. Die mens wat sonder God leef, se toestand word as geestelik dood beskou. Die verbinding tussen so 'n mens en God is totaal afgesny. Die ergste van alles is dat so iemand nie eens beseft dat hy geestelik dood is vir God nie, want hy mis dit nie! Net soos wat 'n dooie liggaam nie meer die lewe mis nie. Iemand wat geestelik dood is mis nie vir God nie, en het geen behoefte aan Hom nie. Die woord van die Here gaan by sulke mense verby en hulle is nie in staat om daarop met geloof te reageer nie.

Daar is tog ook 'n stuk ironie in hierdie beeld. Terwyl ons weet dat 'n dooie liggaam nie meer enige tekens van lewe of reaksie kan toon nie, is 'n toestand van geestelike dood vol bedrywigheid. Mense wat geestelik dood is vir God kan springlewendig voorkom. Sulke mense kan 'n vol lewe lei en baie merkwaardige dinge doen en groot sukses in die lewe bereik. Maar dit kan nie geestelike doodsheid uit die weg ruim of daarvan ontslae raak nie.

Om dood te wees is om sonder God te wees. En dit kom vanweë ons sondige aard. Hier word twee woorde gebruik: *oortredings* en *sondes*. Oortredings word bewustelik gedoen. Dis soos wanneer jy die reëls van die spel ken, maar vanweë jou eie belang tóg oortree. Jy doen dit willens en wetens. Burgers van 'n land leef onder bepaalde landswette. Voertuigbestuurders moet hul hou by verkeersregulasies. Wanneer jy hierdie wette bewustelik oortree beteken dit maar net een ding - jy verset jou teen die wet. Jy maak jou eie besluite. Jy tree op soos dit jónk pas en jy toon geen respek vir ander mense in die land of ander mense op die pad nie. 'n Bekende voorbeeld in die Bybel is Adam en Eva se bewustelike besluit om God se duidelike bevel en grens te oortree deur van die vrugte te eet waarvan hulle verbied was om te eet. Dit was 'n doelbewuste oortreding en 'n bevraagtekening van God se goeie Woord.

Is dit nie ook waar van ons eie gedragspatroon nie? Soms is die eise van God se woord te ongemaklik vir my lewe. Dinge soos liefde en respek vir mense van wie ek nie hou nie en wat my frustreer. Vergifnis vir dié wat my seergemaak het. Dan raak ons selektief met wat ons van God se woord aanvaar. Net sekere tekste is aanvaarbaar. Dit is 'n kwessie van: "Ek weet wat God vir my in sy Woord sê, MAAR..."

Die woord *sondes* dui op ons sondige aard. Dis hoe ons is. Ons sondes staan tussen ons en God. Dit maak dat ons nie kan kwalifiseer vir die hemel nie. In dié sin is ons mislukkings voor God. Ons pogings, ons goeie bedoelings, dié misluk maar net elke keer. Só het ons gelyk voor God. En so sal jy lyk in 'n lewe sonder God. Die twee begrippe, *oortredings* en *sondes*, sê dus dat mense nie is waar en wat hulle volgens die bedoeling van die Skepper moet wees nie.

Die toestand waarin die mens kan verkeer, naamlik geestelik dood of lewend in Christus, het te doen met wie of wat jou lewe beheer. Paulus noem drie magte in vers 2-3 wat 'n invloed uitoefen op 'n lewe wat van God afgesny is. Dit is: die *sondige wêreld*, die *vors van die onsigbare*, *bose magte* en *sondige begeertes*.

Sondige wêreld

Dit verwys in die algemeen na sosiale waardes, gebruike en gewoontes wat tipies in ons bestaan voorkom en waarin God geen rol speel nie. Dit wil sê, asof God nie bestaan of saak maak nie. Soms praat ons van die "tydsgees" waarin ons leef. Die tydsgees of modes van hierdie wêreld word die gangbare manier waarop ons ons lewens inrig. Dit skryf aan jou voor hoe jy moet dink en leef. Uiteindelik raak God oorbodig. Ons het Hom klaarblyklik nie meer nodig nie.

Vors van die onsigbare, bose magte

Dit is 'n duidelike verwysing na die duiwel en sy handlangers. Wanneer God uit jou lewensprentjie verdwyn, laat jy jou beïnvloed deur die tydsgees van die bese. Dit beteken jy bevraagteken al hoe meer die woord van God en die wil van God. Dit lei tot ongehoorsaamheid en ongehoorsaamheid lei tot ongeloof. Dit is presies wat die groot teenstander God van die begin af wou bereik.

Sondige begeertes

Sondige begeertes kom op uit ons sondige natuur. Die manier waarop Paulus daarna verwys dui op totale onbeheertheid. Dit is soos 'n mens wat losgelaat word om te doen net wat in sy gedagtes opkom. Daar is geen verantwoordelikebesef nie, geen grense van medemenslikheid en omgee nie. Dit kom voor in mense se persoonlike optrede, maar ook in groepe van mense wat sekere gebruike op ander afdwing. Dit kan ook ervaar word in onderdrukkende sosiale of politieke stelsels. Dit is afbrekend en vernietigend. Ek maak wat ek wil en jy beter ook doen wat ek wil!

Hierdie drie magte is 'n *dood*-elike kombinasie. Dit bring die geestelike dood in mense se lewens. Die uiteinde is die straf en oordeel van God. 'n Ewige dood.

Genadiglik stop Paulus nie hier met sy boodskap nie. Vers 4 begin met 'n belangrike woord - "Maar God...!" Hier kom die verrassing. Terwyl daar geen plek vir die sonde by God is nie, is daar 'n hart vol liefde en genade vir die sondaar. God kom breek in ons ou lewens in. Hy skep 'n nuwe lewenswyse wat in sterk kontras met die vorige staan. Die wese van God is liefde, en hierdie liefde is genoeg om ons van die drie dodelike magte en die straf van God vry te maak.

Sy liefde is 'n opstandingsliefde. In 1:19-20 lees ons hoedat dieselfde krag wat Jesus uit die dood opgewek het, nou in ons wat glo, 'n invloed uitoefen. Ons deel in daardie krag. Lees weer vers 5-6 - ons is *saam met Christus* lewend gemaak, *saam met Hom* opgewek, en ons ontvang *saam met Hom* 'n plek in die hemel.

Vanself was dit nie moontlik om iets aan ons verlore toestand te doen nie. Geen dooie kan homself lewendig maak nie; geen mens kan homself uit so 'n verlore toestand red nie. 'n Verandering van hierdie lewenswyse sou net buitengewone krag vereis. Dit kan slegs van **buite** die mens kom. En dit is presies wat die Here kom doen het. *Vers 8 - Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit juiself nie; dit is 'n gawe van God.* Dit is alles God se werk!

Beteken dit dat ons nou bloot passiewe wesens is? Dat hierdie nuwe lewenswyse geen aksie vra nie? Vers 10 sê dat ons nuut geskep is om ons *lewe te wy aan die goeie dade waarvoor God ons bestem het*. Hierdie goeie dade is 'n uitvloeisel van God se genade. In die ou lewenswyse was daar ook aksie - dié van oortredings pleeg en sonde doen. 'n Kenmerk van die ou lewe is die werke van die bose. Maar nou dat God ons lewenswyse radikaal kom verander het, nou doen ons die werke van God. In 'n lewe sônder God word ons aktief beïnvloed om bose werke te doen. In 'n lewe mét God bewerk Hy die goeie werke in ons, sodat ons dit ook kan gaan doen.

Hierdie goeie dade is niks anders as om dankie te sê vir God se genade nie. Net soos die gesinne in die Xtreme Makeover-program, wie se huise totaal nuut geskep is. Vreugde, trane van vreugde en die goeie uitsig op 'n nuwe lewe wat getuig van die groot geskenk wat hulle so onverdiend ontvang het.

Dankgebed

Ek is so bly, goeie Here,
 dat U my as u kind aanvaar het.
 Soms is my blydschap so groot
 dat ek nie weet wat om daarmee te maak nie.
 Ek swem in u genade soos 'n walvis in die see.
 Ons het 'n gesegde:
 "Die oseaan kan nooit opdroog nie."
 Maar al sou die see ook verdwyn –
 u genade is nog meer standhoudend.
 Dit sal nooit opdroog nie.
 Goeie God, u genade is ons vreugde.
 Halleluja! Amen.

(Gebed uit Wes-Afrika, uit Ewald van Rensburg, *God seën Afrika: Stories, gebede en wysede*)